4 November 2024

Beste Laerskool Jan van Riebeeck Ouer,

Dankie vir U belangstelling in die JVR Busdiens van Jan van Riebeeck Hoërskool en hoop ons U het reeds besluit om aan te sluit by die busdiens. Indien wel baie welkom by die busdiens.

Agtergrond

Reeds gedurende 2023 was daar besprekings en gesprekke rondom die busdiens tussen die Laerskool en Hoërskool se hoofde Mnre Beets en Rademeyer en ook beheerraadslede. Die Laerskool en Hoërskool het ook op ander aktiwiteite soos Koor en Musiek begin saamwerk. Ons is ingelig dat die Laerskool weens getalle slegs teen ‘n hoë koste kan voortgaan om ‘n beperkte busdiens te bedryf. Dit het net sin gemaak om kragte saam te snoer en is die besluit geneem dat die JVR Busdiens ook die Laerskool sal bedien. Daar is wedersyds voordele met die moontlike gebruik van beskikbare voertuie en om ons busdiens se getalle te groei aangesien ons dieselfde voedings areas dek as die Laerskool.

Ons het in 2024 suksesvol begin om die Laerskool Jan van Riebeeck Leerders in te skakel by ons busdiens.

JVR Busdiens

Die doelstelling van die JVR Busdiens is om ‘n “handskoenpas” sonder winsbejag vervoerdiens aan leerders van Hoërskool Jan van Riebeeck te bied wat beteken; soggens skool toe, smiddae huistoe asook laatbus vir na-middag sportaktiwiteite. Die diens aan te bied om aan te pas by die **behoeftes** en **riglyne** soos bepaal deur die skool se bestuur en aktiwiteite deur die skooljaar. Die diens aan te bied op die mees bekostigbare wyse vir die ouerkorps sonder **winsdbejag in oorlegging met die finansiele departement** van die skool.Die diens veilig en betroubaar op tyd te lewer. Die diens word aangebied onafhanklik van die skool deur Dewald en Theresa Lombard (EduRide Pty Ltd) aangestel as Administrateur en Koördineerder.

Die areas en roetes bestaan uit Suidelike voorstede Roete, Westelike voorstede (Tableview en Mellbos) roete en Noordelike voorstede roete.
Die presiese tye en stoppunte word elke jaar ‘n klein bietjie aangepas na gelang van waar die leerders woon wat daardie jaar deelneem aan die busdiens maar bly min of meer dieselfde.

Aangeheg vind die stoppunte ook wat beplan word vir 2025.

Daar word van eie busse, skoolbusse en waar nodig inhuur van busse gebruik gemaak. Ons gebruik 16,18,23, en een 40 sitplek busse.

Integrering van Laerskool Jan van Riebeeck leerders op die busse:

Daar het in 2024 8 laerskool leerders van die busdiens gebruik gemaak..
Orde en dissipline: Op elke bus is daar ‘n buskaptein wat toesien dat by die reëls gehou word.
Sitplek vir Laerskool leerders: Daar word op elke bus waar ‘n Laerskool leerder ry, die eerste voorste sitplekke permanent aan hulle toegeken word.

Op en Aflaai by die Laerskool: Weens die besig paaie om die Laerskool gaan ons die leerders eers by die Hoerskool opof aflaai. Laerskool leerders gaan met ‘n bussie van en na die hoërskool geneem word vanwaar hulle sal vertrek op hulle roetes.
Kommunikasie en Whatsapp: Daar is “live tracking” deur whatsapp van waar die bussie beweeg op die roete. Elke dag word baie aktief bestuur met whatsapp groepe en kommunikasie tussen Theresa (koördineerder) en die ouers asook google vorms om aktiwiteite en ritte te bespreek vir sport en laatbussies.
Koste: Daar is besluit om die koste vir die Laerskool leerders vir 2025 steeds tot ‘n mate te subsidieer a.g.v ‘n ooreenkoms tussen die Laerskool en Hoërskool m.b.t die gebruik van busse. Laerskool leerders betaal dus ‘n bietjie minder as die Hoërskool leerders.
Laerskool leerders tarief is R15408 per jaar betaalbaar @R1284 x 12 betalings of eenmalig waar U kwalifiseer vir ‘n 5% korting. Die uiteensetting en betalingsvoorwaardes is in die aangehegte aansoek vorm, bus reëls en ooreenkoms uiteengesit en vervat.

Vriendelike Groete

Dewald Lombard

Jan van Riebeeck Busfund

Tel: +27 21 0351751

C: 0732650834

E mail dewald@edurides.co.za